eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 1: LEESBEGRIP**

**TEKS A: ARTIKEL**
[Verwerk uit Wikipedia.org]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Kaapstad | 1 |
| 1.1.2 | sokker | 1 |
| 1.1.3 | (sokker)klubs | 1 |
| 1.2 | "nasionale"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 1.3 | Desiree het (net) Graad 11 voltooi/na Graad 11 gaan werk. | 1 |
| 1.4 | (Desiree het in 'n) slaghuis (gaan werk). | 1 |
| 1.5 | Athlone Celtic | 1 |
| 1.6 | middelveld(speler) | 1 |
| 1.7 | sy baie van haar tyd en aandag aan die sport gegee het | 1 |
| 1.8 | • Sy het vir die (Westelike Provinsie se) sokkervereniging gewerk.<br>• Sy was die (WP se) sokkervereniging se visepresident.<br>• Sy was die (WP se) sokkervereniging se skakelbeampte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Daar moet 'n verwysing na sport/sokker wees)* | 1 |
| 1.9.1 | goeie | 1 |
| 1.9.2 | • Desiree het drie doele in die wedstryd aangeteken.<br>*(Die antwoord by vraag 1.9.1 moet korrek wees om die punt by vraag 1.9.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.10 | • Sy was 'n sportkommentator (op televisie). /Sokkerkommentaar gedoen/gelewer.<br>• Sy het op televisie gepraat.<br>• Sy het Banyana Banyana se afrigter geword.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Banyana Banyana het swak gespeel tydens die 2016 Olimpiese Spele.<br>• Hulle afrigter/Vera Pauw het bedank.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Nigerië<br>*(Aanvaar net die land se naam. Waar die kandidaat 'n paar woorde aanhaal, sien slegs die eerste woord na.)* | 1 |
| 1.13 | "Desiree glo dat net die beste goed genoeg is."/"... net die beste goed genoeg is."<br>*(Penaliseer nie indien die sin nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 1.14 | voordeel | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15.1 | C/Desiree se aanstelling as afrigter was nie permanent nie. | 1 |
| 1.15.2 | E/Afrika bekroon Desiree vir die tweede keer as Vroueafrigter van die Jaar. | 1 |
| 1.15.3 | A/Banyana Banyana is die beste vroue-sokkerspan in Afrika. | 1 |
| 1.15.4 | B/Banyana Banyana verteenwoordig Suid-Afrika by die FIFA Wêreldbekertoernooi vir vroue. | 1 |
| 1.16 | • Sy het baie sukses behaal.<br>• Sy het die span van 50ste plek na eerste plek in Afrika geneem.<br>• Sy het gewys dat Banyana Banyana wenners kan wees.<br>• Sy is 'n sterk vrou/sy het nooit moed opgegee nie.<br>• Sy het sokker gespeel voor dit 'n vroue-sport was.<br>• Sy het nooit haar liefde en passie vir sokker verloor nie.<br>• Sy was die hoofafrigter van Banyana Banyana/'n goeie afrigter/'n goeie sokkerspeler.<br>• Sy was 3 keer die vroueafrigter van die jaar.<br>• Sy is as Afrika se sokkerspeler van die jaar genomineer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | Die datums help my om te sien ...<br>• wat Desiree alles vir sokker/in haar lewe gedoen het.<br>• hoe Desiree se lewe verloop het.<br>• dat Desiree baie dinge gedoen het om sukses te behaal.<br>• dat Desiree se lewe om sokker gedraai het.<br>• wánneer sy wát in haar sokkerloopbaan gedoen het.<br>• hoe Desiree se loopbaan gevorder het.<br>• wat in watter jaar gebeur het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18 | Dit leer/wys vir my dat ...<br>• 'n mens hard moet werk om sukses te behaal.<br>• sukses nie vinnig en maklik kom nie.<br>• jy nie moet toelaat dat verloor jou keer om weer te probeer nie.<br>• jy moet werk vir dit waarin jy glo/wat jy in jou lewe wil bereik.<br>• drome waar kan word.<br>• aanhouer wen.<br>• sukses behaal kan word sonder om baie ver met skool te gaan.<br>• vrouens ook sokker kan speel/afrigters kan wees.<br>• Desiree 'n goeie pad met sokker geloop het.<br>• jy nie geleerdheid nodig het om sukses te behaal nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**TEKS B: VISUELE TEKS**
[Verwerk uit *Volksblad*, 10 Februarie 2016]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19 | in die huis | 1 |
| 1.20 | • Hy lê/slaap agteroor op sy stoel/rusbank/sofa.<br>• Hy het nog sy werksklere aan./Hy het nie eens sy werksklere uitgetrek nie.<br>• Sy oë is toe./Dit lyk of hy slaap.<br>• Hy het sy skoene uitgetrek./Hy het nie eens die veters van sy skoene losgemaak nie.<br>• Hy het sy das losgemaak.<br>• Hy ontspan met sy hande op die stoel./ Sy arms en bene is wyd oop.<br>• Sy mond is oop./Dit lyk asof hy gaap.<br>• Hy is nie bewus van wat in die huis aangaan nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na, ongeag in watter sin dit staan.)* | 2 |
| 1.21.1 | klaar die werk gedoen het | 1 |
| 1.21.2 | • (Sy moet) wasgoed was./Wasgoed.<br>• (Sy moet) die klere stryk./Strykwerk.<br>• (Sy moet) vir die hond kos gee.<br>• (Sy moet) vir die man koffie maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | D/die man vra koffie as hy kan sien sy doen iets anders. | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal (**<u>Let wel</u>**: Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie van taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel)
  'n Direkte aanhaling is woord vir woord. Indien een woord uitgelaat of omgeruil is, is dit nie 'n direkte aanhaling nie.
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

  ***<u>Let wel</u>: Vergunning vir hierdie eksamen:***
  - Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Hanteer dit dus dieselfde as 2-3 direkte aanhalings.
  - Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie één feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

## LET WEL

**Tel van woorde:**
- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van die laaste sin waar die 60 woorde voorkom. Ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2: OPSOMMING

## TEKS C: WAT TIENERS KAN DOEN OM VEILIG TE WEES

[Verwerk uit Wikihow.com]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | **Daar moet altyd iemand wees wat weet waar jy is.** Dit sal hulle help om na jou te soek as jy nie by die huis uitkom nie. | Sê (altyd) vir iemand waarheen jy gaan./Iemand moet altyd weet waar jy is.✓ |
| 2. | **Jy moet altyd nee sê wanneer vreemde mense vir jou 'n geskenk gee of sê jy kan saam met hulle ry.** Dit kan gevaarlik wees, want jy weet nie wat hulle beplan nie. | Moenie 'n geskenk van vreemdes aanvaar nie./Sê nee vir dinge wat vreemdes vir jou wil gee.✓<br>Moenie saam met vreemdes ry nie./Sê nee as vreemdes sê jy kan saam met hulle ry./Sê nee vir vreemdelinge. ✓ |
| 3. | Mense wat slegte dinge wil doen, wil nie hê ander mense moet hulle sien nie. **Daarom moet jy 'n groot geraas maak as iemand iets aan jou wil doen.** | Maak 'n geraas wanneer iemand jou pla/iets aan jou wil doen.✓ |
| 4. | Tieners is baie op sosiale media. Dit is nie lekker om lelike boodskappe of foto's te kry nie. **Dis waarom jy moet weet met wie jy op sosiale media kommunikeer.** | Moenie sommer met enigiemand op sosiale media gesels nie./Jy moet versigtig wees/weet met wie jy op sosiale media kommunikeer/gesels.✓ |
| 5. | **Moenie drankies vat wat ander mense vir jou gee nie.** Daar is dalk dwelm-middels of alkohol in. Dit kan jou siek en deurmekaar maak. | Jy moenie drankies van mense af vat nie.✓ |
| 6. | Skelms steel graag selfone. **Daarom moet jy nie jou selfoon gebruik terwyl jy in die straat loop nie.** | Sit jou selfoon weg/Bêre jou selfoon wanneer jy in die straat loop./Moenie jou selfoon op straat gebruik nie.✓ |
| 7. | **Memoriseer 'n telefoonnommer wat jy kan gebruik wanneer jy in gevaar is.** Dit kan jou lewe red. | Jy moet 'n telefoonnommer ken wat jy in 'n noodgeval/gevaarlike situasie kan gebruik./Memoriseer 'n telefoonnommer ✓ *(Aanvaar dit as direkte woorde/aanhaling)* |
| | **Let wel:** Daar is **AGT** wenke (✓) in hierdie opsomming. Kandidaat kan **enige SEWE** aanbied. | |
| | **GETAL WOORDE = 178 woorde ( ± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 62+ woorde (50-60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd, maar dan moet die fout nie die woord se betekenis verander nie. Die uitsondering is waar ons woordstrukture toets, bv. meervoud, verkleinwoorde, verbuiging, ens.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. By 'n meerkeusevraag aanvaar ons die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**
[Verwerk uit Facebook.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Hulle sê hoera./Hoera.<br>• Hulle lag/glimlag.<br>• Hulle lyk gelukkig.<br>• Hulle hande/arms is in die lug.<br>• Hoera, dis etenstyd!<br>• Sy mond is gelukkig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2.1 | die liggies wat in die aand skyn | 1 |
| 3.2.2 | suksesvol | 1 |
| 3.3 | • Die naam is in hoofletters geskryf./Hoofletters<br>• Die naam is in vetdruk/dik geskryf.<br>• Die naam is groot geskryf.<br>• Die naam is in 'n ster geskryf./Daar is 'n groot ster (wat by die naam pas).<br>• Daar is 'n paar sterretjies (wat pas by die woorde dat die produk 'n ster van jou maak).<br>• Die naam is in die middel van die sak (met mieliemeel).<br>• Verskillende lettertipes<br>• Die naam staan uit teen die wit agtergrond.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.4 | D/die produk word van mielies gemaak. | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.5 | • Daar is ...<br>○ 'n orkes/musikante.<br>○ (musiek)instrumente/tromme/kitaar/trompet.<br>○ (musiek)note/tekens/simbole.<br>○ mikrofoon/luidspreker.<br>○ musiek.<br>• Hulle sing/maak musiek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | kilogram *(sp)* | 1 |
| 3.7 | • Dit sê nie vir die leser hoe hy/sy Pioneer Foods kan kontak nie.<br>• Daar is geen kontakbesonderhede nie.<br>• Daar is nie 'n telefoonnommer/selnommer nie.<br>• Daar is nie 'n e-pos(adres) nie.<br>• Daar is nie 'n fisiese adres nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.8 | Afrika | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**
[Verwerk uit *Zitts*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | • Ma ...<br>○ beklemtoon/sê dat sy die ma is/"má".<br>○ beklemtoon die ek/"ék".<br>○ sê dat sy sê dat hy nie partytjie toe mag gaan nie.<br>○ sê: "Ek is jou ma."<br>○ sê: "Ek sê jy mag nie partytjie toe gaan nie."<br>*(**Volledige** direkte aanhaling word nie aanvaar nie)*<br>*(Dis wat Ma **sê**).*<br>• Ma ...<br>○ wys (met albei haar vingers) na haarself.<br>○ leun vorentoe/praat naby Jeremy se gesig.<br>*(Dis wat Ma **doen**).*<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.1.2 | teen sy ma praat | 1 |
| 4.2.1 | Ma ...<br>• vou haar arms.<br>• draai haar rug op Jeremy/staan met haar rug na Jeremy toe/kyk anderkant toe.<br>• kyk nie meer vir Jeremy nie/maak haar oë toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.2.2 | (Ma sê vir Jeremy dat sy) klaar gepraat **het**. | 1 |
| 4.3 | • (Gaan) doen jou huiswerk!<br>• (Gaan) doen huiswerk!<br>• (Gaan) doen die werk!<br>*(Aanvaar ook punt i.p.v. uitroepteken aan die einde van die sin.)*<br>*(Daar moet 'n leesteken wees om die punt te verdien)* | 1 |
| 4.4.1 | Ag nee! | 1 |
| 4.4.2 | Pa ...<br>• se mond is toe/praat nie saam nie.<br>• dink (net aan die situasie).<br>• se oë is (half) toe.<br>• hou hom besig met sy eie dinge/gooi vir homself koffie/iets om te drink in.<br>• kyk nie na hulle nie.<br>• lyk geïrriteerd/moedeloos. *(Enige negatiewe emosie wat pas)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | B/baie kwaad gaan wees. | 1 |
| 4.6 | Let wel: Die kandidaat kan op ma's **of** op tieners fokus.<br>Ma's ...<br>• is onregverdig/baklei onnodig met hulle tieners.<br>• verstaan nie dat hulle tieners grootword/nie meer klein is nie/wil nie hê tieners moet partytjies toe gaan nie.<br>• luister nie na hulle tieners nie.<br>• verstaan nie dat hulle tieners anders as hulle oor dinge voel nie.<br>• verstaan nie dat hulle tieners dieselfde dinge as ander tieners wil doen nie.<br>• dink net aan skoolwerk.<br>• raas (te veel) oor swak punte.<br>• gee nie vir hulle tieners regte nie.<br>• wil besluite vir hulle tieners neem.<br>Tieners ...<br>• wil hulle eie besluite neem/wil nie na ouers luister nie.<br>• wil dieselfde dinge as ander tieners doen.<br>• verstaan nie hoekom ma's bekommerd is oor skoolwerk/swak punte nie.<br>• verstaan nie dat ma's hulle veiligheid op die hart dra nie.<br>• wil ouers se gesag uitdaag/is rebels.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5.1**

**TEKS F**
[Verwerk uit *Rapport*, 5 Februarie 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | twintig *(sp)* | 1 |
| 5.1.2 | Hy het **nie** 'n huis **nie**. | 1 |
| 5.1.3 | in | 1 |
| 5.1.4 | soggens | 1 |
| 5.1.5 | skoen**e** *(sp)* | 1 |
| 5.1.6 | Hy sien baie ongelukke, daarom wil ✓ hy met die verkeer help.<br>*(Die 1 punt is vir die **korrekte verbinding** van die twee sinne. Penaliseer nie indien die komma ontbreek nie. Penaliseer nie indien 'n ander woord uitgelaat is nie)* | 1 |
| 5.1.7 | Hy **het** verlede jaar met hierdie werk **begin**. | 1 |
| 5.1.8 | ... **om** 'n spietkop **te** wees. | 1 |
| 5.1.9 | yskoud *(sp; dit moet as een woord geskryf word)* | 1 |
| 5.1.10 | • (Hy help mense om) vinnig na werk by die huis te kom.<br>• (Hy help mense om) na werk vinnig by die huis te kom.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.11 | vrien+de+lik **of** vrien/de/lik **of** vrien-de-lik | 1 |
| 5.1.12 | waardeer | 1 |
| 5.1.13 | hom | 1 |
| 5.1.14 | h**u**lp *(sp)* | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G**
[Verwerk uit Istockphoto.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | vriende/maats *(sp)* *(Ons aanvaar nie enkelvoud nie)* | 1 |
| 5.2.2 | skoolklere *(sp)* | 1 |
| 5.2.3 | stadig *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | ho**ë**/ho**ë**r *(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | motor**tjie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.6 | (Rugsakke word deur) die kinders **gedra**. | 1 |
| | | **[20]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com